# OOSIE-GEDRAGSKODE ONDERNEMING

Onkunde ten opsigte van die inhoud van die Gedragskode is geen verskoning vir wangedrag nie.

**Oosie waardes**

1. My respek en lojaliteit
2. My taal is reg
3. My hulpvaardigheid
4. My stiptelikheid
5. My eerlikheid
6. My deelname
7. My akademie en toekoms
8. My voorkoms en gedrag

Let asseblief daarop dat sekere aktiwiteite van leerders ontneem mag word as gevolg van wangedrag, maar ook as gevolg van nie-bywoning van gereëlde skoolaktiwiteite wat in skoolure plaasvind, byvoorbeeld interhuis en die swemgala, en dat die finale beslissing daarvoor by die skoolbestuur lê.

Sodanige aktiwiteite sluit in (maar is nie beperk nie tot):

- Interhoër
- Sport- en/of kulturele aktiwiteite
- Sokkies/ Sosiale geleenthede
- Veldskool
- Meriete-uitstappie
- Matriekafskeid
- Boogstapseremonie en/of matriekkerkdiens

Bogenoemde aktiwiteite is 'n voorreg en nie 'n reg nie.

Let asseblief ook daarop dat ingevolge paragraaf 6 van die Nasionale Riglyne vir die Oorweging deur Beheerliggame in die Aanvaarding van 'n Gedragskode vir Leerders dat die verantwoordelikheid vir die gedrag van 'n leerder finaal by die ouer of voog berus. Daar word ingevolge die bogenoemde riglyne verwag dat alle ouers/voogde die skool sal ondersteun en van 'n leerder sal vereis dat alle skoolreëls, asook die voorskrifte van die gedragskode en skoolregulasies nagekom moet word en verantwoordelikheid sal aanvaar vir enige wangedrag aan hulle kant.

Verder word u daarop gewys dat ingevolge artikel 8(4) van die Skolewet, 1996 dat geen bepaling van die Wet 'n leerder vrystel van die verpligting om die gedragskode van die skool na te kom en te gehoorsaam nie.

# OOSIE-GEDRAGSKODE (Skoolreëls)

(Soos goedgekeur deur die hoof en beheerliggaam op 24 Julie 2024)
Die gedragskode dien as 'n riglyn vir die optrede van leerders. 'n Oosie se gedrag kan dus gemeet word aan die mate waarin hy/sy die skool se gedragskode onderskryf en respekteer.

Die gedragskode van 'n skool word verskans deur die Skolewet (Wet 84 van 1995 en die wysigings daarvan) en daar word verwag dat 'n leerder wat by die skool inskryf en sy/haar ouers/voogde hulle vergewis van die skool se gedragskode en die bepalings daarvan.

Verder impliseer inskrywing by die skool dat die leerder en sy/haar ouer/voog die gedragskode aanvaar en nougeset sal nakom. Indien ‘n leerder die gedragskode oortree of minag, sal daar dienooreenkomstig teenoor hom/haar opgetree word.

**1. Voorbereid**

‘n Ywerige Oosie is voorbereid wanneer hy/sy skool toe kom:

- met die nodige skryfbehoeftes;
- met sy/haar korrekte tas (3, 4 of meer afskortings) en sonder enige graffiti, verkieslik in donkerblou of swart. ‘n Oosie is te alle tye verantwoordelik vir sy tas en ander eiendom. Indien iets verlore raak kan hy/sy by die kantoor navraag doen.
- met die nodige boeke en handboeke vir die dag se lesse.

**2. Voorkoms**

‘n Trotse Oosie:

- dra die skool se klere en kleure met trots;
- kom die skool se voorskrifte ten opsigte van skooldrag en voorkoms stiptelik na;
- sorg dat hy/sy absoluut korrek geklee is wanneer hy/sy deelneem aan sport en/of byeenkomste bywoon om die skool en sy/haar maats te ondersteun.
- kom die skool se Slenterdragbeleid na.
- sorg dat hy/sy korrek geklee is buite skoolverband as hy/sy in die skooluniform geklee is;
- sorg dat hy/sy geen tatoeëermerke sigbaar het wanneer hy/sy in skool- of sportdrag geklee is nie.

Skooldrag (bv. sweetpakbaadjies, oortrektruie, truie, serpe, kouse, juweliersware en haarbykomstighede) wat verkeerd gedra word, word gekonfiskeer.

3. **Gedrag**
‘n Oosie met selfrespek:
- tree met respek en integriteit op om 'n positiewe beeld van die skool uit te dra;
- het respek vir hom-/haarself, personeel en sy/haar mede-Oosies:
- vermy liefkosing van en deur mede-leerders wanneer in skooldrag geklee is (by die skool en buite skoolverband);
- vorm nie deel van bende-aktiwiteite nie;
- maak en versprei nie sosiale mediaplasings van mede-leerders, personeel en/of enige onwelvoeglike/onwettige gebeure nie;
- weerhou hom/haar van enige vorm van boelie.

Geen vorm van BOELIE word geduld nie.

4. **Laatkom vir skool/opening/klas**
- Met die eerste klok wat om 07:20 lui, beweeg 'n Oosie na sy/haar registerklas.
- Met die tweede klok wat om 07:25 lui, staan hy/sy reeds by sy/haar registerklas.
- Wanneer ‘n Oosie gedurende voog- of toetsperiode arriveer, beweeg hy/sy direk na die voogklas en meld dus nie eers by Ontvangs aan nie.
- Wanneer hy/sy na voogperiode by die skool arriveer, meld hy/sy eers by die kantoor en dan by die voogonderwyser aan. Indien nie, word die leerder afwesig gemerk.
- ’n Oosie wat laat kom se naam word aangeteken en na 3 geleenthede ontvang hy/sy 'n negatiewe vermelding, wat kan lei tot detensie.
- ’n Oosie beweeg flink en vinnig tydens wisseling van een klas na 'n ander.
- Hy/sy drentel of kuier nie rond en gaan nie tussen periodes badkamer of kafeteria toe nie, aangesien hy/sy akademiese tyd ten volle wil benut.
- Met die lui van die tweede klok vir wisseling, is hy/sy reeds in sy/haar volgende klas.

5. **Motors, motorfietse en fietse**
‘n Oosie se lojaliteit en integriteit hou hom/haar by die bepalings vir voertuie op die skoolterrein.

- Motor- en motorfietsbestuurders met 'n geldige leerlinglisensie of bestuurslisensie en 'n parkeerskyfie uitgereik deur die dissiplinêre beampte kan die skoolterrein binnekom om op die aangewese areas te parkeer.
- Fietse word slegs in die fietsloods parkeer en leerders word versoek om hul fiets vas te sluit.
- Spoedbeperking op die terrein is 20km per uur en word te alle tye vir veiligheidsredes gehandhaaf.

‘n Oosie kom die bepaling na en kan as gevolg van die nie-nakoming daarvan die voorreg om sy motor/motorfiets binne die skoolterrein te parkeer, verbeur.e, serpe, kouse, juweliersware en haarbykomstighede wat verkeerd gedra word, word gekonfiskeer.

6. **Skoolbywoning**
Ouers/voogde, leerders, opvoeders en die beheerliggaam is gesamentlik daarvoor verantwoordelik om seker te maak dat leerders (skolewet vereiste) die skool gereeld bywoon.
- Die voogonderwyser hou die teenwoordigheidsregister by op D6. Die graadvoog hou rekord van alle korrespondensie met die ouers in hierdie verband.
- Alle leerders moet by die skool arriveer voor die amptelike begintyd. Leerders wat laat is vir skool, sal afwesig gemerk word.
- Indien ‘n leerder laat kom, moet hy/sy by die administratiewe kantoor inteken en direk daarna by sy/haar voogonderwyser aanmeld.
- Afwesigheid van 'n lesperiode sonder die toestemming van die voog- of klasonderwyser is 'n ernstige oortreding. Ouers betaal skoolgeld en verwag van die skool om hulle kinders tydens lesperiodes te kontroleer.
- Alle afwesighede van die skool moet gestaaf word met 'n afwesigheidsbrief van die ouer/voog.
- Indien 'n leerder vir drie of meer dae afwesig is, moet die afwesigheid gestaaf word met 'n sertifikaat van 'n mediese dokter of ‘n geregistreerde homeopaat.
- Enige afwesigheid van 'n toets, eksamen of 'n taakinhandiging, of deelname aan goedgekeurde provinsiale, nasionale of internasionale aktiwiteite, moet gestaaf word met 'n sertifikaat van 'n mediese dokter of 'n geregistreerde homeopaat.

- Tot tyd en wyl so 'n sertifikaat voorgelê word, sal die leerder nul hê op die amptelike puntestaat.
- Slegs die ouer/wettige voog mag die kind uit die skoolterrein vergesel, mits daar 'n toestemmingsbrief ingehandig word wat die skool van aanspreeklikheid vrywaar.
- Geen leerder mag gedurende skoolure die skoolterrein verlaat sonder 'n brief waarin die ouer/voog vooraf so 'n versoek tot die skool, vir goedkeuring deur die graadvoog, rig nie. Die skool hou 'n register by van sulke gevalle waar leerders die skool vroeër en met toestemming verlaat.
- Stokkiesdraai is streng verbode.

**7. Afwesigheid**

Lojaliteit en integriteit vereis dat **'n Oosie:**
- slegs afwesig is in die geval van siekte of 'n ernstige, dringende saak;
- se ouers op die dag van sy afwesigheid sy graadvoog voor 07.00 per e-pos of per WhatsApp in kennis stel;
- 'n brief van sy/haar ouers bring sodra hy/sy weer skool toe kom (rekorddoeleindes);
- 'n mediese sertifikaat sal indien wanneer hy/sy 3 dae of meer afwesig is;
- wat gedurende 'n geskeduleerde toets, eksamen, SBA, PAT of formele assessering afwesig is, 'n **mediese sertifikaat/ begrafnisbrief/ hofbevel** sal inhandig om sodoende nie punte te verloor nie of 'n nulpunt te ontvang nie;
- se mediese sertifikaat wat tydens **geskeduleerde toets, eksamen, SBA, PAT of formele assessering** ingedien is, sal aandui dat hy/sy nie in staat was om toets te skryf nie. Die vraestel wat nie geskryf is nie, moet so gou moonlik met 'n sieketoets ingehaal word. Tot tyd en wyl so 'n sertifikaat voorgelê word, hy/sy nul sal hê op die amptelike puntestaat.
- die leerder moet self by die betrokke onderwyser uitvind vir wanneer die sieketoets geskeduleer is. Enige verdere probleme word direk met die graadvoog hanteer.
- leerders sal nie toegelaat word om vroeër of later in die oggend 'n geskeduleerde toets, eksamen, SBA, PAT of formele assessering af te lê nie;
- self die skoolwerk wat hy/sy as gevolg van sy/haar afwesigheid gemis het, sal inhaal;
- wat vir **10 dae of meer, sonder toestemming** of kennisgewing afwesig is, besef hy/sy kan van die skoolregister verwyder word en weer aansoek sal moet doen vir toelating.
- wat 'n dag voor of van 'n sportaktiwiteit se wedstryd nie skool bywoon nie, nie die volgende dag aan die wedstryd kan deelneem nie.

'n Oosie wat afwesig is sonder 'n geldige rede, maak hom/haar skuldig aan skoolontduiking.

**8. Gedrag tydens opening**

'n Oosie met selfdissipline:
- tree aan vir opening in die area wat vir hom/haar aangedui is;
- kyk vorentoe en bepaal sy/haar aandag by die verrigtinge;
- eet of drink nie en hou hom/haar nie met 'n selfoon, leerwerk of ander dinge besig nie; en
- se gedrag in die vierkant en tydens openinge is altyd positief en onberispelik wees.

**9. Akademie**

'n Oosie kom sy/haar skolastiese verpligtinge pligsgetrou na en verseker so dat hy/sy goed kan presteer tydens deurlopende evaluering.
'n Oosie se integriteit en respek dwing hom/haar om:
- sy/haar huiswerk (praktiese-, skriftelike sowel as leerwerk) selfstandig en met ywer te voltooi;
- vergeet nie sy/haar boeke, rooster, werkopdragte of take tuis nie;
- met aankoms in klas te wag dat die onderwyser die klas groet, dadelik boeke en skryfbehoeftes uit te haal en tas netjies onder stoel te plaas;
- ontwrig nie die klasroetine nie;
- sorg dat sy/haar elektroniese toestelle, selfone, afgeskakel en nie sigbaar is nie;
- eet en drink nie tydens 'n lesperiode nie.
- sorg dat sy/haar optrede nie klasmaats se geleentheid ontneem om te volle te baat by die onderrig of leerproses nie.
- te luister na die afkondigings voor skool, pouse en aan die einde van die skooldag;
- eers die klas te verlaat nadat daar aan die einde van die skooldag afgesluit is en die onderwyser die klas verdaag het.

- 'n Oosie maak hom-/haarself nie skuldig aan staking, massa-optrede of ontgroening nie. Sulke optrede word ter wille van almal se veiligheid ten strengste deur die Skolewet verbied.

'n Lojale Oosie sorg dat sy/haar optrede nie sy/haar maats die geleentheid ontneem om ten volle te baat by die onderrig- of leerproses nie.

**10. Eerlikheid**

Integriteit dwing 'n Oosie om te alle tye eerlik te wees.
'n Oosie sal hom/haarself dus daarvan weerhou om:

- 'n handtekening na te maak;
- 'n vals naam op te gee;
- valse verklarings af lê.
- huiswerk of assesseringsopdragte af te skryf / te kopieer en as sy/haar eie aan te bied;
- oneerlik te wees in toetse / eksamens.
- 'n Ware Oosie maak hom/haar nie skuldig aan negatiewe gedrag van enige aard nie.
- 'n Oosie se lojaliteit dwing hom/haar om inligting wat nodig is vir die veiligheid van ander, of vir die goeie orde en dissipline van die skool, onmiddellik bekend te maak met behulp van **Heroes Anonymous** (agter in hierdie dagboek). Indien nodig, kan sodanige verskaffing van inligting in camera geskied (Wet 50 van 2002)

**11. Klaswisseling**

- 'n Oosie beweeg flink en vinnig tydens wisseling van een klas na 'n ander. Met die lui van die tweede klok vir wisseling, is hy/sy reeds in die volgende klas.
- 'n Oosie mag die badkamers in akademiese tyd besoek nádat hul eers by die volgende klas aangemeld het. SELFONE word op die onderwyser se tafel geplaas en 'n Stoepstapper word as toestemming ontvang het
- 'n Oosie besoek die kafeteria voor skool, pouses, na skool en glad nie tydens periodes nie, aangesien hy/sy akademiese tyd ten volle wil benut.

**12. Klas verlaat / Klas ontduik**

'n Oosie met ywer:

- doen voor skool of pouse wat nodig is, sodat hy/sy nie tydens skoolure die klaskamer moet verlaat nie;
- loop nie met allerhande voorwendsels tydens lestyd rond nie;
- is nie afwesig van klas of verlaat 'n klas sonder die toestemming van die betrokke onderwyser (met die stoepstapper) nie;
- laat sy/haar selfoon in die besit van die onderwyser wanneer hy/sy die klas verlaat;
- sorg dat hy/sy luister wanneer daar toesig gereël word (toesigklas is 'n akademiese periode waartydens hy/sy hom/haar met skoolwerk besig hou). Elke Oosie het spesifieke onderwysers waarheen hy/sy vir toesig gaan. Sy/haar integriteit verseker dat hy/sy toesigpersoneel se name en klaskamers ken en dat hy/sy wel by hierdie personeel aanmeld wanneer een van sy/haar personeel afwesig is.
- gaan nie tydens toesigperiode of klastyd na die kafeteria toe nie;
- wat siek word by die skool bel nie self van 'n selfoon af nie maar kry toestemming by die klasonderwyser om na die kantoor of graadvoog te gaan waarna die graadvoog die ouers sal skakel.
- sorg dat hy/sy die sluitkassies voor skool en tydens pouse, en nie gedurende klastyd besoek nie; en
- is bewus daarvan dat kleedkamers in die vierkant slegs pouses en in noodgevalle gebruik kan word.

**13. Verlaat van skoolterrein**

'n Oosie het integriteit en weet:

- hy/sy kan die skoolterrein tussen 07:25 en 14:00 slegs met die toestemming van die graadvoog verlaat. – selfs as sy/haar ouer hom/haar by die skool kom haal.
- die skool neem verantwoordelikheid vir die leerder se veiligheid en ouers word versoek om die uittekenprosedure te volg.
- indien die graadvoog afwesig of nie beskikbaar is nie, word toestemming deur een van die graadhoofde verleen.

**‘n Ywerige Oosie poog om,**

- waar moontlik, geen dokters- of ander afsprake tydens skoolure te maak nie, aangesien hy/sy nie die werk wil mis wat later weer met moeite ingehaal moet word nie.
- nie tydens skoolure die skool te verlaat vir 'n bestuurslisensie afspraak nie.
- Hy/sy ontvang net 'n sertifikaat vir getroue skoolbesoek indien hy/sy elke dag by die skool was tot 10:00 en nog nooit stokkies gedraai het nie.

**14. Selfone en elektroniese toestelle**

‘n Oosie se selfdissipline en respek vir ander laat hom nie toe om sy selfoon tydens skooltyd te gebruik nie.

- **Tydens klas en tussen periodes** is 'n Oosie se selfoon in alle opsigte onaktief en weggebêre.
- Hy/sy **loop dus nie daarmee in sy/haar hand** of sit daarmee **op sy skoot nie.**
- Die selfoon van 'n Oosie moet voor opening vir die duur van die skooldag afgeskakel wees en mag **slegs na skool** aangeskakel en gebruik word.
- ’n Oosie is te alle tye bewus van sy/haar omgewing en dra daarom **nie oorfone / earpods** in sy/haar ore nie.

Daar kan op **twee wyses na selfone in skole**, ook by Hoërskool Oos-Moot, verwys word:

- Dit is 'n noodsaaklike kommunikasiemiddel tussen die leerder en sy/haar ouers.
- Dit is 'n euwel wat groot probleme vir die leerder, die skool en sy personeel kan inhou.

**Ordereëlings** met betrekking tot leerders se **selfone:**

- Selfone is duur en kan maklik wegraak. Daarom verkies die skool dat dit tuis gelaat word.
- Waar dit vir die leerders noodsaaklik is om selfone by hulle te hê, geld die volgende:
  - ➢ Leerders is te alle tye verantwoordelik vir hulle selfone. Die skool is nie verantwoordelik vir selfone wat wegraak of gesteel word nie.
  - ➢ Selfone MOET **altyd afgeskakel en buite sig** wees.
  - ➢ Selfone mag glad **nie gebruik word om skoolreëls te omseil nie.** Wanneer 'n leerder, byvoorbeeld, om 'n geldige rede huis toe moet gaan, of gehaal word, moet die korrekte prosedure gevolg word. Die graadvoog moet eers genader word en indien hy/sy goedkeuring verleen, sal die graadvoog die ouers skakel.

- Enige gebruik van selfone strydig met hierdie ordereëlings sal daartoe lei dat 'n leerder:
  - ➢ debietpunte ontvang;
  - ➢ se selfoon van hom/haar weggeneem word vir ‘n tydperk van vyf skooldae in veilige bewaring gehou word;
  - ➢ stoorgeld van R100 betaal; en
  - ➢ die selfoon slegs, na vyf skooldae wagtyd, tydens skoolure, met die bewys van betaling deur die ouer afgehaal kan word.

Die kwessie **van onderrigtyd in die klaskamer** is vir die skool en sy personeel van die uiterste belang, daarom dat tydverkwisting, veral met betrekking tot selfone en die gebruik daarvan tydens klasse te alle koste vermy moet word.

- **Tydens toetse en eksamens** moet selfone, tablette, slimhorlosies en oorfone in tasse wees. Die tasse word voor of agter in die klas gesit vir die duur van die vraestel en die toesighoudende personeellid aanvaar nie verantwoordelikheid vir enige elektroniese toerusting nie.
- Ons ontmoedig die aanskaf en gebruik van slimhorlosies ten sterkte. Daar is voortdurend in die klasse formele en informele assesseringstake waartydens slimhorlosies die leerders in moeilike situasies kan laat beland. Slimhorlosies moet tydens enige assessering afgehaal en gebêre word.

- Die leerders kan gerus by die huis slimhorlosies dra en gebruik, maar ons moedig gewone horlosies aan by die skool.
- Let asseblief op die volgende belangrike voorskrifte met betrekking tot assesserings **(klastoetse, toetse en eksamens);**
  - Geen leerder mag tydens 'n toets- of eksamensessie 'n selfoon, tablet of slimhorlosie aan hom of haar hê nie – ongeag of die leerder 'n vraestel op daardie oomblik skryf of nie. Dit beteken ook dat hy/sy nie so 'n toestel aan sy/haar arm, lyf of klere mag hê nie.
  - Wanneer 'n leerder hom/haar daaraan skuldig maak dat hy/sy 'n selfoon, tablet en/of slimhorlosie in sy/haar besit het tydens 'n toets- of eksamensessie, ook ongeag daarvan of die selfoon, tablet of slimhorlosie aan of af is, maak hierdie leerder hom/haar skuldig aan oneerlikheid tydens toetse of eksamens. So 'n leerder sal dienooreenkomstig die gedragskode vir oneerlikheid tydens toetse of eksamens hanteer word.
  - Die beleid rondom oneerlikheid tydens toets en/of eksamens (die skool se Ongerymdheidsbeleid) soos deur die Departement van Onderwys bepaal sal in hierdie geval(le) van toepassing wees.

- **Klanktoestelle** of 'n "boombox" mag nie gebruik word tensy spesifiek gereël is nie.
- Met dispute sal die skool se kamerastelsel aangewend kan word om uitsluitsel te verkry.
- In die geval waar leerders se selfone tydens klastyd op die kamerastelsel sigbaar is, sal hul selfone ook weggeneem kan word, selfs al word dit eers op 'n later stadium op die beeldmateriaal opgetel.

**15. Siekte en/of besering tydens skoolure:**

'n Oosie is gedissiplineerd; daarom;
- bel hy/sy nie self sy ouer/voog wanneer hy/sy gedurende skoolure beseer of siek word nie;
- vra hy/sy gedurende klastyd toestemming van die klasonderwyser om na die graadvoog en/of kantoor te gaan waarna die korrekte prosedure gevolg sal word.

**16. Haatspraak, seksisme, rassisme en antisosiale gedrag**

'n Oosie toon respek aan ander en maak hom/haar daarom nie skuldig aan enige vorm van haatspraak, seksisme of ander antisosiale gedrag, hetsy direk of indirek nie.

**17. Taalgebruik**

'n Oosie toon sy/haar respek teenoor almal wat met hom/haar te doen kry deur te let op sy/haar taalgebruik. Kru en onwelvoeglike taal word nie deur 'n Oosie gebruik nie. Hy/sy toon sy/haar welwillendheid deur almal wat hy/sy teëkom, vriendelik te groet.

**18. Rook of in die teenwoordigheid van rokers**

'n Oosie bewys sy/haar integriteit en lojaliteit deur:
- nie in skooldrag op die skoolterrein of by skoolfunksies te rook nie;
- nie vuurhoutjies, tabak, sigarette, aanstekers, elektroniese rooktoestelle of nikotiensakkies skool toe te bring of in sy/haar besit te hê nie;
- omdat hy/sy dit nie goedkeur dat sy/haar vriende hul eie en sy/haar gesondheid benadeel nie, hy/sy ook nie in die teenwoordigheid van iemand wat rook sal wees nie Die oortreding van hierdie reël sal 'n Topbestuurverhoor of BL-verhoor tot gevolg hê.
- 'n Leerder sal met 'n eerste oortreding vir 3 dae geskors word en voor 'n Topbestuurverhoor gedaag word.
- 'n Herhaling van die oortreding sal lei tot 'n BL-verhoor.

**19. Netheid van die terrein en omgewing**

Dit is vir 'n Oosie 'n saak van lojaliteit om:
- sy/haar klas skoon en netjies te hou;
- te help om die skoolterrein, geboue en apparaat netjies te hou; en
- hom/haar te weerhou van enige graffiti op die skool se eiendom, apparaat, leerder- en personeeleiendom.

**20. Beskadiging van eiendom**

‘n Oosie het respek vir sy/haar en ander se eiendom en daarom:

- krap hy/sy nie op banke, stoele, mure of tasse nie; en
- plaas hy/sy nooit sy/haar tas bo-op sy/haar skoolbank nie, aangesien dit die bank beskadig.
- ’n Leerder en sy/haar ouers/voogde neem verantwoordelikheid vir skool- en ander leerders se eiendom wat per ongeluk of opsetlik deur die leerder beskadig is.

**21. Verbode terrein (Verbode terrein plan agter in dagboek)**

Die volgende areas op die skoolterrein is vir 'n Oosie verbode:

- klasse, saal en boonste stoepe tydens pouse (tensy toestemming van 'n onderwyser ontvang is);
- tussen motorvoertuie;
- Astro;
- fiets-/motorfietsloods;
- tydelike klasse;
- voorkant van die skool;
- noordelike pawiljoen;
- wes van die skoolgeboue.
- die kafeteria (gedurende klastyd).

**22. Kommunikasie met ouers**

‘n Oosie met integriteit oorhandig alle kommunikasie van die skool aan sy/haar ouer/voog. Indien dokumente voltooi en na die skool teruggestuur moet word, word dit so gou moontlik, verkieslik die volgende dag aan die klasvoog terugbesorg.

- Vier keer 'n jaar word 'n Oosie se ouers oor sy/haar akademiese vordering ingelig wanneer 'n rapport aan die ouers gestuur word.
- Meriete-rapporte wat die ouers inlig oor sy/haar gedrag, word saam met rapporte uitgestuur.
- Daar is een oop oueraand, asook 'n geleentheid in die tweede kwartaal waarheen spesifieke ouers uitgenooi word.
- Aangesien daar ook via sms'e en e-posse met ouers gekommunikeer sal word, word ouers gemaan om seker te maak dat hulle die skool te alle tye van hul selfoonnommers, e-posadresse en veranderinge in dié verband inlig.

‘n Oosie se ouers word uitgenooi om enige probleem via die graadvoog met die skool te kommunikeer.

**23. Kommunikasie met leerders**

- Elke Oosie het 'n skool e-posadres wat hoofsaaklik vir kommunikasie ten opsigte van die skool se e-leer platform (Google Classroom) gebruik word.
- Buiten die skool se gewone kommunikasiekanale sal die graad 8- en 9-graadvoogde vanaf 2025 belangrike inligting direk aan ouers kommunikeer via WhatsApp-groepe.
- Afkondigings word daagliks voor skool, pouse en aan die einde van die dag in die klasse gedoen.

**24. Buitekurrikulêre aktiwiteite**

‘n Lojale en trotse Oosie hou hom/haar by die bepalings van die skool se gedragskode, selfs waar hy/sy by aktiwiteite na skool of by ander skole betrokke is.

‘n Oosie bring met ywer sy/haar kant deur by verskeie aktiwiteite van die skool betrokke te raak. Buitemuurse aktiwiteite beskik oor ‘n geskrewe konstitusie wat die gedragskode ondersteun. 'n Oosie wat aan enige skoolaktiwiteite deelneem, onderskryf hierdie konstitusie.

‘n Oosie is 'n AMBASSADEUR vir sy/haar skool. Sy/haar gedrag binne en buite die klas getuig van sy/haar begeerte om deel te wees van die skool en daarom tree hy/sy altyd beleefd, vriendelik en met respek op.

**25. Skoolnaam, -wapen en -logo**

’n Oosie is lojaal en het respek vir sy/haar skool se naam (Hoërskool Oos-Moot, Oosies, Oos-Moot), skoolwapen, logo, en

- trek dit nie van die internet af nie;
- gebruik dit nie vir sy/haar eie doeleindes op sosiale media en ander platforms sonder die skriftelike toestemming van die skool nie.

**26. Gesagstrukture**

‘n Oosie respekteer die gesagstrukture van die skool, VLR (Verteenwoordigende Leerderraad), Matriekraad, onderwysers, graadvoogde, graadhoofde, departementshoofde, adjunkhoofde, die hoof en die beheerliggaam.

Daar is drie gesagstrukture wat dissiplinêre probleme hanteer, naamlik die dissiplinêre kantoor, topbestuur en die beheerliggaam se dissiplinêre komitee.

**27. Alkoholiese drank en/of gewoontevormende middels**

‘n Oosie het integriteit en weet: die skool het die reg om 'n leerder vir die gebruik van verbode middels te toets wat kan lei tot onmiddellike tydelike skorsing van 5 tot 7 skooldae hangende 'n dissiplinêre verhoor met 'n verdere skorsing van 7 skooldae of uitsetting.

- persone wat weier om die bepalings van die beleid van die skool se gedragskode na te kom, sal waar van toepassing onderhewig wees aan die sanksies wat die Wet bepaal.
- besoekers wat weier om aan die beleid gehoor te gee, sal toegang tot die perseel geweier word.

**28. Boelie**

‘n Oosie het selfrespek, integriteit en respekteer ander.

Daar is drie tipes boelie:

- Verbale boelies: knou ander af deur dit wat hulle sê, bv. laster.
- Nie-verbale boelies: knou ander fisiek af, bv. skop, stamp en slaan.
- Die E-boelie: tas ander se karakter en/of selfbeeld aan deur middel van elektroniese media, soos sosiale media.

Wat behoort jy van boelies te weet?

- Alle vorme van boelie is onaanvaarbaar.
- Boelies het geen respek vir hulle medemens nie.
- Boelies kan seuns OF meisies wees.
- Boelies het hulp nodig.
- Die boelie het die probleem, nie jy nie.

Maniere om boelies te hanteer

- Moenie aan die boelie se eise toegee nie. Dit sal hom/haar slegs aanspoor om jou weer te boelie.
- Jy mag jouself verdedig, maar kyk gerus na die volgende wenke om jouself teen boelies te beskerm:
- Rapporteer die boelie deur 'n persoon in 'n gesagsposisie in jou vertroue te neem of deur middel van Heroes Anonymous (inligting is in die leerderdagboek).
- Iemand wat selfvertroue uitstraal, skrik potensiële boelies gewoonlik af.
- Iemand wat altyd alleen staan, se kans is groter om 'n boelie se teiken te word as iemand wat in 'n groep staan.

Wees selfversekerd, verdedig jouself op 'n kalm, dog positiewe wyse en weerhou jouself van enige aksie wat van die boelie die slagoffer kan maak. Moenie tot fisiese geweld oorgaan nie.

**29. Eksamen- en toetsreëlings (leerders)**

- Maak seker dat jy reeds voor die aanvang van die sessie klaar badkamer toe gegaan het.
- Leerders tree ALFABETIES buite die klas aan, en sit in die lokaal soos deur die onderwyser bepaal.
- Geen tasse en sakke word in die lokaal toegelaat tydens die skryf van 'n vraestel nie.
- Geen serpe, komberse of kussings tydens die skryf van 'n vraestel nie.
- Geen selfone /slimhorlosie/ oorfone/ earpods of enige elektroniese toerusting by leerders nie. Alle sodanige items word ingeneem en na die tyd weer uitgedeel. Geen leerder mag die lokaal verlaat voor alle items nie uitgedeel is nie. Selfone moet afgeskakel wees, en nie op “silent” wees nie.
- Geen notas of aantekeninge by leerders nie.
- Slegs pennesakkies of penneblikkies wat volkome deursigtig is, word toegelaat.
- Sakrekenaars se dekseltjie moet afgehaal word en onder leerder se stoel geplaas word vir die volle tydsduur van die vraestel.
- Indien 'n leerder in die verkeerde wisselklas of sleutel aanmeld, moet hy na sy korrekte klas gaan om daar te gaan skryf.
- Voordat vraestelle uitgedeel word, moet dit doodstil in die klas wees.

- Wanneer vraestelle uitgedeel word, is dit “penne neer”.
- Wanneer vraestelle gekontroleer word, is dit “penne neer”.
- Geen verbale of nie-verbale kommunikasie mag tussen leerders plaasvind vandat die eerste vraestel of foliopapier uitgedeel is, totdat die laaste antwoordstel en vraestel ingeneem is nie.
- Geen op- of aanmerkings mag gemaak word tydens die deurgee van errata nie.
- Met eksamenvraestelle: Tydens die 10 minute leestyd is daar GEEN penne in die hand nie.
- Alle leerders begin gelyktydig skryf.
- As daar nie 'n horlosie in die klas is nie, sal die onderwyser die tye kort-kort op die bord skryf. Jy sal 10 minute voor die einde van die vraestel gewaarsku word.
- Niemand vra 'n vraag hardop terwyl leerders vraestelle voor hulle het nie.
- Die onderwyser mag nie 'n vraag aan jou verduidelik nie.
- As daar 'n fout op die vraestel is, en daar is geen errata nie, gaan bloot voort met die beantwoording van die vraestel. Nommer soos foutiewe numering in die vraestel. Daar sal memo-aanpassings gemaak word, indien nodig.
- Jy mag NIKS by of vir enigiemand leen nie. Selfs al het jy jou sakrekenaar vir 'n Wiskundetoets vergeet, mag jy steeds niks leen nie. Ook nie 'n ander leerder se liniaal, uitveër ens nie. Jy pla die leerders wat wel hul skryfbehoeftes onthou het.
- Geen flaterwater (Tipp-Ex) of uitveebare penne mag gebruik word nie.
- Kleurpenne of glimpenne (highlighters) mag slegs op die vraestel gebruik word, maar glad nie op die antwoordstel nie.
- Geen eetgoed of water word toegelaat nie, tensy 'n mediese toestand met 'n doktersbrief gestaaf word. Dan word slegs 'n deurskynende bottel toegelaat, waarvan die inhoud gesien kan word.
- Leerders word nie toegelaat om tydens 'n 1-uur of 2-uur vraestel badkamers toe te gaan nie, ook nie as hy/sy klaar geskryf het nie - **slegs in hoogs uitsonderlike gevalle** tydens die middelste uur van 'n 3-uur vraestel, of tydens die middelste halfuur van 'n 2.5-uur vraestel.
- Leerders mag nie op hul arms lê as hulle klaar is met 'n vraestel nie.
- Leerders mag nie vroeër verdaag as hulle vroeër met die vraestel klaargemaak het nie.
- As tyd verby is, PENNE NEER vir ALMAL! NIEMAND mag meer verder skryf nie.
- Alle vraestelle en antwoordstelle moet ingehandig word.
- Leerders mag glad nie praat voordat al die antwoordstelle nie ingeneem is nie.
- Leerders moet ordelik verdaag.
- Indien jy afwesig is vir 'n vraestel, moet jy 'n doktersbrief by jou graadvoog inhandig wat aandui dat jy nie in staat was om toets/ eksamen te skryf nie. Daarsonder mag jy nie die sieketoets/ sieke-eksamen skryf nie.

**30. Snoepie / Handeldryf op die skoolterrein**

‘n Oosie respekteer die reëls van die skool:

- Geen bedelary (“lassies” word nie gevra nie).
- Geen snoepiebesoeke tydens klastyd.
- Die snoepie moet netjies gelaat word.

**GRAAD 12-LEERDERS SE GEDRAG**

Die skool se gedragskode in praktyk is dieselfde vir al die Oosie-leerders.
Graad 12 is egter die laaste skooljaar vir hierdie leerders en die debietstelsel en opgeskorte uitsetvonnise het nie altyd die verwagte, positiewe uitwerking nie.

Daar is nie 'n bykomende jaar waar enige strawwe, wat 'n resultaat kan lewer toegepas kan word nie. Die toepassing van regstellende maatreëls of strawwe mag anders hanteer word. Die leerder verskyn voor die aangewese Topbestuurverhoor.

Die volgende sanksies sal oorweeg word:

- Die leerder mag van sekere voorregte ontneem word. Met die volhou van herhalende en negatiewe gedrag (skoolure en skoolaktiwiteite) wat die skoolsisteem ontwrig, word deelname aan funksies, seremonies, byeenkomste of wedstryde die leerder ontneem.
- Met die volhou van herhalende en negatiewe gedrag (skoolure en skoolaktiwiteite) wat die skoolsisteem ontwrig, word deelname aan funksies, seremonies, byeenkomste of wedstryde die leerder ontneem.

- Indien die leerder reeds 'n wettige eksamensentrumnommer ontvang het, is die leerder nie meer 'n ingeskrewe leerder van die skool nie (Skolewet), en is die eksamensentrum (skool) se reëls en gedragskodes steeds van toepassing op die matrikulant.
- Wanneer die leerder se gedrag van so aard is dat die ordelike gang van die skool versteur en die leerder op geen ander manier aangespreek kan word nie, sal hy/sy versoek word om nie verder skool by te woon nie.  Die leerder sal slegs eksamen mag skryf en geen ander skoolfunksie, -aktiwiteit of -seremonie mag bywoon nie.
- In die geval waar 'n leerder die eksamen ontwrig sal die leerder deur middel van die Departement van Onderwys versoek word om 'n ander eksamensentrum te kry.

Dit bly die wens van die skool om elke leerder suksesvol deur sy of haar matriekjaar te sien.  Die reg tot onderrig van elke ander leerder moet egter vooropgestel word en moet die skool die nodige maatreëls toepas om dit te verseker.

**OPTREDE IN GEVAL VAN OORTREDING VAN DIE GEDRAGSKODE**
'n Oosie besef dat onaanvaarbare optrede altyd gevolge inhou.  Tug word as opvoedkundige hulpverlening beskou en het altyd die voordeel en welsyn van die Oosies, die skool en die gemeenskap ten doel.  Dit beskerm hierdie verskillende rolspelers in ons skoolgemeenskap.
Om probleme vroegtydig raak te sien, dit aan te spreek, en verbetering te monitor, is dit nodig om rekord te hou.  By die skool geskied dit deur die dissiplinêre kontrolestelsel.  Oortredings word aangeteken op 'n dissiplinêre strokie en gekonsolideer.  Debietpunte is kumulatief en bly op rekord.
'n Oosie begin elke nuwe skooljaar met 'n skoon punterekord.  Die hoof van dissipline het egter die reg om die opgeskorte punte van die vorige jaar weer in te stel, indien 'n leerder se gedrag in die nuwe skooljaar nie ingrypende verbetering toon nie.

**SA SKOLEWET, 1996 (84 VAN 1996)**

Kennisgewing ingevolge Artikel 9 (3):  Wangedrag van leerders by openbare skole en dissipline

**<u>Woordomskrywing:</u>**
“wangedrag” wangedrag wat deur 'n leerder begaan is en sluit dit die volgende in:
(a) wangedrag wat op die perseel van 'n skool begaan is, hetsy tydens of buite skoolure;
(b) wangedrag wat buite enige skoolaktiwiteit begaan is, ongeag of dit binne of buite die skoolperseel en tydens of buite skoolure begaan is; en
(c) enige gedrag wat in of sonder skooluniform en binne of buite die skoolperseel begaan is en wat –
  (i) die skool 'n slegte naam kan gee;
  (ii) inmeng met die bestuur, gesag en behoorlike administrasie van die skool;
  (iii) inmeng met die toestande wat nodig is vir enige skoolaktiwiteit;
  (iv) behoudens die redelike uitoefening van die reg om te vergader, te betoog, 'n betooglinie te vorm en petisies voor te lê soos in die Grondwet, 1996, en die kode bepaal, begaan word met die doel om enige persoon te verhinder om sy of haar regte, bevoegdhede of pligte as 'n lid van die skoolgemeenskap uit te oefen, of begaan word ter vergelding van sodanige uitoefening; of
  (v) deur die kode en van die skool verbied word.

**<u>Toepassing:</u>**
(1) Hierdie kennisgewing en enige kode wat daarkragtens gemaak word, is van toepassing op 'n leerder wat ten tyde van die wangedrag wat die leerder na bewering begaan het, aan die dissipline van die skool onderworpe was.
(2) 'n Leerder is aan die dissipline en volle gedragskode van die skool onderworpe indien die leerder as 'n leerder by 'n skool geregistreer is.